higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

STRAFREGSTRUKTURE EN -MANDATE
NKR VLAK 3

19 November 2024

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 8 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Onwaar
1.2 Waar
1.3 Onwaar
1.4 Waar
1.5 Waar
1.6 Waar
1.7 Onwaar
1.8 Onwaar
1.9 Waar
1.10 Onwaar

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

2.1 E
2.2 G
2.3 J
2.4 B
2.5 F
2.6 I
2.7 D
2.8 A
2.9 H
2.10 C

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

3.1 3.1.1 waardes
3.1.2 opvoeding

(2 × 1) (2)

3.2 herintegrasie (1)

3.3 3.3.1 versterk
3.3.2 demilitariseer

(2 × 1) (2)

3.4 3.4.1 integriteit
3.4.2 respek

(2 × 1) (2)

3.5 sektorpolisiëring (1)

3.6 korrektiewe stelsel (1)

3.7 Hoofstuk 2 (1)

[10]

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

VRAAG 4

4.1 4.1.1 Die Strafproseswet maak voorsiening vir hierdie howe wat gemoeid is met kinders onder die ouderdom van 18 wat van die pleging van ’n misdryf aangekla word.

- Hierdie kinders word nie gehanteer ingevolge die normale strafregtelike proses wat vir volwassenes gebruik word nie; die kindergeregtigheidsproses word in die plek daarvan gevolg.
- Enige hof wat die bepalings van die Wet op Kinderberegting 75 van 2008 toepas, is ’n kindergeregshof.

4.1.2 Hierdie howe fokus op geringe misdrywe soos om in die openbaar te drink, rommelstrooiery, om op straat te baklei en betreding.

- Daar is slegs drie sulke howe en is in die Wes-Kaap geleë. Hulle maak deel uit van ’n strategie om ernstige misdaad te voorkom deur effektief teen geringe misdrywe op te tree.
- Dit help ook om die las van die landdroshowe te verlig

4.1.3 Hierdie howe sit in provinsiale afdelings van die Hoë Hof en is gemoeid met alle belastingverwante oortredings soos belastingontduiking en belastingbedrog, byvoorbeeld om BTW te eis en dit nie aan die SAID oor te betaal nie.

(3 × 2) (6)

4.2 Lede van die gemeenskap wat by hul naaste polisiekantoor aansoek doen om as lede van die reserwepolisie of polisiereserviste ingeskryf te word. Hulle ontvang opleiding oor polisiëringskwessies en wanneer hulle aan diens is, het hulle dieselfde mag en gesag as permanente polisiebeamptes. (2)

4.3

- moet ’n permanente inwoner van Suid-Afrika wees
- moet tussen die ouderdomme van 18 en 60 wees
- moet ’n minimum fiksheidstoets en psigometriese toets slaag en bewys lewer van mediese fiksheid
- moet bewys van kwalifikasies en ervaring lewer
- moet in besit van ’n bestuurslisensie wees
- moet ’n goeie karakter en persoonlikheid besit
- mag nie ’n misdaadrekord hê nie (Enige 6 × 1) (6)

4.4

- Oorlegpleging/Konsultasie
  Burgers behoort geraadpleeg te word oor die vlak en gehalte van die openbare dienste wat hulle ontvang en, waar moontlik, ’n keuse te hê oor die dienste wat aangebied word.

- Diensstandaarde ✓
  Burgers behoort ingelig te word oor die vlak en gehalte van openbare dienste wat hulle gaan ontvang, sodat hulle weet wat om te verwag.

- Toegang ✓
  Alle burgers behoort gelyke toegang te hê tot die dienste waarop hulle geregtig is.

- Beleefdheid
  Burgers behoort beleefd en bedagsaam behandel te word.

- Inligting
  Burgers behoort volledige, akkurate inligting te ontvang oor die openbare dienste waarop hulle geregtig is.

- Openheid en deursigtigheid
  Burgers behoort ingelig te word hoe nasionale en provinsiale departemente bedryf word, hoeveel dit kos, en wie in beheer is.

- Herstel/Vergoeding
  As die beloofde diensstandaard nie bereik word nie, behoort burgers om verskoning gevra te word, ’n volledige verduideliking en spoedige en doeltreffende remedie te kry, en wanneer klagtes geopper word, behoort burgers ’n simpatieke, positiewe reaksie te kry.

- Waarde vir geld
  Openbare dienste behoort ekonomies en doeltreffend gelewer te word om burgers die beste moontlike waarde vir geld te gee. (Enige 6 × 2) (12)

4.5

- wangedrag
- langdurige swak gesondheid
- onbevoegdheid om sy/haar pligte bekwaam uit te voer
- omdat die persoon nie meer ’n geskikte en behoorlike persoon is om die betrokke amp te beklee nie (4)

[30]

TOTAAL AFDELING B: 30

AFDELING C

VRAAG 5

5.1
- Lewer belangrike diens aan plaaslike gemeenskappe wat misdaadvoorkoming betref
- Beskerm die eiendom en lewens van hul kliënte
- Beveilig ondernemings en private wonings
- Beskerm openbare kantore, ondernemings, skole, hospitale (4)

5.2
- Besluit of daar genoeg getuienis is✓
- Besluit of daar redelike vooruitsigte is om 'n skuldigbevinding in die hof te verkry
- Besluit of die vervolging in openbare belang is

Sodra die aanklaer besluit het om 'n vervolging in te stel, moet hy of sy oor die volgende aspekte besluit:
- wat die aanklag of aanklagte sal wees✓
- of die oortreder in hegtenis geneem moet word indien hy/sy nog nie in bewaring is nie
- of borgtog geweier moet word of nie
- of die oortreder in 'n landdroshof of
- in die streekslanddroshof of Hoë Hof verhoor moet word
- die datum waarop die verhoor sal begin (8)

5.3
- Komponent van misdaadondersoek
- Eenheid vir gesinsgeweld, kinderbeskerming en seksuele oortredings
- Die spesifieke misdaadondersoekkomponent
- Die Kommersiële Misdaadondersoekkomponent
- Die Georganiseerde Misdaadondersoekkomponent
- Die Teenkorrupsieafdeling
- Die Afdeling Ontwikkeling van Ondersoekbeleid en -Standaarde
- Forensiese dienste
- Misdaadintelligensie (Enige 8 × 1) (8)

[20]

TOTAAL AFDELING C: 20

AFDELING D

VRAAG 6

i) Vroue✓

- Vroulike gevangenes moet afsonderlik van manlike gevangenes aangehou word.
- Departement van Korrektiewe Dienste (DKD) het afsonderlike gevangenisse/tronke vir vroue wat op dieselfde perseel as dié vir mans of op verskillende persele kan wees.
- ’n Vroulike korrektiewe beampte moet enige man vergesel wat ’n vrouegevangenis of afdeling vir vroue besoek.
- Vroulike korrektiewe beamptes moet oor vroulike gevangenes toesig hou.

ii) Moeders met babas✓

- Grondwet van Suid-Afrika maak voorsiening vir die gevangenisstraf van vroue met babas in geriewe wat van dié van ander vroulike aangehoudenes geskei is.
- Dit bepaal ook dat die plek vir moeders met babas vir die versorging, stimulasie en ontwikkeling van babas voorsiening moet maak.
- WKD definieer ’n moeder-en-kind-eenheid as ’n enkele eenheid in ’n gevangenis waar voorsiening vir afsonderlike slaapgeriewe vir moeder en kind asook crèchegeriewe gemaak word.
- Die eenheid fokus op normalisering van die omgewing om die kind se fisieke en emosionele ontwikkeling en versorging te bevorder.
- ’n Vroulike gevangene word toegelaat om haar kind by haar te hou totdat die kind vyf jaar oud is.
- Die DKD is verantwoordelik vir voedsel, kleredrag en gesondheidsorg vir die gesonde ontwikkeling van die kind terwyl die kind in die gevangenis bly.
- In ’n gevangenis vir vroue moet voorsiening vir prenatale en postnatale sorg en behandeling gemaak word.
- Instrumente van beheersing mag nooit op vroue gebruik word tydens die kraamproses en onmiddellik ná die geboorte van die kind nie.
- Die gebruik van alleenopsluiting in gevalle waarby vroue en kinders betrokke is, word verbied.

iii) Kinders

- Die Grondwet sonder kinders uit vir spesiale beskerming en verleen aan kinders wat met die gereg bots die reg: (a) om nie aangehou te word nie, behalwe as ’n laaste uitweg en, indien aangehou, slegs vir die kortste toepaslike tyd(b) om behandel te word op ’n manier en aangehou te word in toestande wat die kind se ouderdom in ag neem (c) om afsonderlik aangehou te word van volwassenes, en seuns en meisies te skei terwyl hulle in aanhouding is
- ’n Kind word in die WKD en Wet op Kinderberegting (‘CJA’) gedefinieer as ’n persoon onder die ouderdom van 18.
- Kinders se dieet moet voorsiening maak vir hul voedingsbehoeftes.
- Die ‘CJA’ maak voorsiening vir kinders wat skuldig bevind is aan oortredings om tot verpligte verblyf in ’n kinder- en jeugsorgsentrum gevonnis te word.
- Wanneer kinders tot ’n sentrum toegelaat word, moet die Kommissaris die toepaslike staatsowerhede wat vir die opvoeding en welstand van kinders verantwoordelik is asook die gevangene se ouers in kennis stel.

- Gevangenes wat kinders is en wat verpligte onderrig ontvang, moet opvoedkundige programme bywoon en toegang daartoe hê.
- Die Kommissaris moet kinders van die dienste van maatskaplike werkers voorsien, asook godsdienstige sorg, ontspanningsprogramme en sielkundige dienste lewer.
- Kinders mag slegs werk verrig met die doel om opleiding te ontvang en vaardighede te ontwikkel.

iv) Gevangenes met gestremdhede ✓

- 'n Gestremdheid word in die WKD gedefinieer as 'n fisieke of geestelike toestand
- wat 'n gevangene verhoed om in 'n omgewing te funksioneer wat ontwikkel is vir persone sonder sodanige inperking, en sluit in:
- doofheid✓
- stomheid ✓
- paraplegie
- kwadruplegie
- niesertifiseerbare geestestoestande
- blindheid of uiterste aantasting van visie

v) Gevangenes met MIV en Vigs

- Gevangenes wat geïnfekteer is, het die reg op veilige aanhouding.
- Dit gebeur dikwels dat aangehoudenes op verpligte toetsing vir hul eie beskerming aandring.
- Gevangenes wat MIV-positief is, het die reg op behandeling en
- om nie aan diskriminasie onderwerp te word nie.
- Die reg op veiligheid van geïnfekteerde gevangenes kan bots met die geïnfekteerde oortreder se
- reg op privaatheid en vertroulikheid.
- Gesondheidsorgdienste moet voorsien word om kontinuïteit van behandeling en sorg te verseker,
- insluitend vir MIV en Vigs, tering en ander aansteeklike siektes
- asook dwelmafhanklikheid.

OF

VRAAG 7

Tipe hof	Jurisdiksie	Tipes sake	Vonnisse
Streekslanddroshof	Die land word in streeksdistrikte verdeel. Streekshowe word gevestig op een of meer plekke in elke streeksafdeling om sake aan te hoor wat in hul jurisdiksie val.	Streekshowe het jurisdiksie in alle sake behalwe hoogverraad.	Lewenslange gevangenisstraf of vir 'n tydperk tot 20 jaar of 'n boete tot R300 000.✓
Distrikslanddroshowe ✓	Enige minder ernstige oortreding wat in die landdrosdistrik gepleeg is	Minder ernstige straf- en siviele sake	Gevangenisstraf wat nie drie jaar oorskry nie of 'n boete wat nie R100 000 oorskry nie.
Hoë Howe ✓	Hoë Hof sluit provinsiale of plaaslike afdelings van die Hoë Hof en die plaaslike rondgangafdeling in.	Enige tipe saak Daardie sake wat te ernstig vir 'n landdroshof is Appèl en hersienings teen uitsprake in die landdroshowe	Behalwe indien minimum of maksimum vonnisse volgens die wet voorgeskryf word, is die strafregtelike jurisdiksie van Hoë Howe onbeperk, en sluit in gespesifiseerde gevalle lewenslange gevangenisstraf in.
Hoogste Hof van Appèl (HHA)	Hoogste hof van appèl in alle behalwe grondwetlike sake	Enige tipe misdryf	Kan 'n vonnis handhaaf of verminder of 'n hoër vonnis oplê
Konstitusionele Hof	Grondwetlike sake Enige saak wat beskou word dat dit in die openbare belang is	Grondwetlike sake Enige saak wat in die belang van die regspleging is	Het die bevoegdheid om 'n Parlementswet ongeldig te verklaar indien dit met die Grondwet bots en beheer uitvoerende optrede op dieselfde manier. Inherente bevoegdheid om proses te reguleer en gemene reg te ontwikkel.

[20]

TOTAAL AFDELING D: 20
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou